# Kareeberg Munisipaliteit

**63/2022 KWOTASIE - VERANDERING VAN WERKSWINKELGEBOU - CARNARVON**

Skriftelike getekende kwotasies word hiermee ingewag vir sekere strukturele veranderinge by die werkswinkel gebou te Carnarvon. Die kwotasie moet materiaal en arbeid apart aandui.

'n Verpligte terreininspeksie sal gehou word op **Woensdag, 15 Junie 2022 om 10:00** by die perseel.

**Kwoteerders moet hulle belastingnakomingsstatus PIN verstrek. Die unieke MAAA nommer moet ook op die kwotasie verstrek word. Kwotasies sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD 4) nie aangeheg is nie, sowel as die MBD 1. Die ingevulde vorms MBD 6.1, MBD 8 en MBD 9 moet ook aangeheg wees met bewyse dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is nie, ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. Die BBEE vrystelling verklaring moet oorspronklik beëdig wees. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word. Die 80/20 puntestelsel is van toepassing. Let wel dat alle vorms wat benodig word op die webtuiste, www.kareeberg.co.za beskikbaar is.**

Kwotasies gemerk "**KWOTASIE: VERANDERING VAN WERKSWINKEL GEBOU, CARNARVON**" moet die ondergetekende voor of op **Vrydag, 24 Junie 2022** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word. Dit moet in die tenderbus geplaas word by die munisipale kantoor te Carnarvon ingehandig word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om enige of laagste kwotasie te aanvaar nie.

**MNR. A P F VAN SCHALKWYK**
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

10 Junie 2022

L8.2.1
Kennisgewingbord
Noordwester 10 Junie 2022